



*TowerLantern Fotografie*  
**fotografienuus**  
oktober 2020

*Op pad*  
Lensopening: f8; Sluiter spoed: 0,8 sekonde; Fokale lengte 190 mm

By die skryf en saamstel van hierdie *Fotografienuus* het ons, Suid-Afrika, gevorder tot by die Covid-19 vlak 1. Daaroor is ons dankbaar.

Op 31 Desember 2020 sal ons almal dalk sê dit was 'n bitter vreemde jaar. En: waar is die jaar heen? In ons verband: Hoe het Covid-19 jou fotografie geraak? Wat myself betref, kan ek met dankbaarheid sê dat ek my goëd kon besig hou met my eie fotografie en ook ander fotografiese sake, waaronder die organisering van die 2020-fotouitstalling en die skryf van verskillende aanlyn-uitstuurstukke.

Wat ons fotografie betref, kan ons darem nou al meer vryelik rondbeweeg vir die neem van foto's – al is dit wel soos gemaskerde vreemdelinge. Ons wil in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* met 'n vorentoe blik gesels oor impressionistiese mensfotografie; en met 'n terugblik kyk na foto's van vriende. Geniet dit alles; en wees dankbaar dat jy steeds jou fotografie as stokperdjie kan beoefen en jouself daarmee besig kan hou – ingeperk of uitgelate.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk

**Bladuitleg:** Fransa Vorster van [Colourcode Designs](#)

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief?  
Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou  
die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie.  
Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie  
van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies,  
doen gerus navraag.*

*Towerlantern Fotografie*  
- oktober 2020 -

# — voorbladfoto

Ons besef die voorbladfoto val nie in almal se smaak nie. Maar net so deel jy dalk nie jou ouers se musieksmaak nie; of hou jy nie van jou kinders se musieksmaak nie. Dus: Kom ons gun mekaar mekaar se smaak.

Die voorbladfoto is 'n voorbeeld van die fotografie-genre wat bekend staan as impressionistiese fotografie. Ons sal verderaan hieroor gesels. Kyk gerus ook na die 2019 September- en Oktober-uitgawe van *Fotografienuus* vir 'n volledige bespreking van hierdie kunsvorm. Om dié uitgawes weer te kry, gaan na [www.towerlantern.co.za](http://www.towerlantern.co.za) en dan na "Nuusbriewe".

Die tegniek om so 'n foto soos die voorbladfoto te neem, word verderaan beskryf. Let egter op twee belangrike sake wat beslis 'n groot rol speel by die skep van so 'n toneel:

- ✓ die foto is teen skemer geneem (die lig was gedemp), en
- ✓ die sluiterspoeë is relatief lank (0,8 sekonde).

Die foto-effek word verkry deur die kamera effens op 'n beheerde manier te beweeg (vertikaal in hierdie geval). Dus maak dit sin dat die sluiterspoeë relatief lank is – anders sou die toneel skerp gewees het.

As jy nie van dié kunsvorm hou nie, goë dan; waardeer wel die foto's wat later volg. As jy wel van dié kunsvorm hou, oefen dan om dit reg te kry; ons gee stap-vir-stap riglyne.



ALGEMENE  
AGTERGROND TOT

# *Impressionistiese fotografie*

Die kunsvorm *Impressionisme* het gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu in Frankryk ontstaan. Dit het begin as 'n skilder-kunsvorm en mettertyd het die invloed van impressionistiese denke verder versprei – onder andere tot by impressionistiese musiek, literatuur en fotografie.

Om te besef wat met impressionistiese fotografie bedoel word, dink aan die verandering van lig met verandering van tyd. Beleef dit as 'n reeks “foto's” wat 'n “indruk” (of “impressie”) op jou maak. 'n Goë voorbeeld hiervan is die verandering van veelkleurige wolke teen sonsondergang. Jy moet dus as't ware gevoel uitdruk, eerder as om net 'n mooi kiekie te neem. Die foto wys die idee.

*Towerlantern Fotografie*  
- oktober 2020 -


# Algemene

## RIGLYNE

## VIR IMPRESSIONISTIESE FOTO'S

Die volgende sake is belangrik by die skep van impressionistiese foto's (gebruik ook die foto hierby as riglyn):

- ✓ Jou **doel** moet wees om rond te speel met **lig** (eerder as om net lig as 'n noodsaaklikheid te sien); om op te let na **vorm** (eerder as om die werklike vorms te beklemtoon); om te flankeer met **kleur** (eerder as om die werklikheid te wys).
- ✓ Jou **taak** moet wees om die werklikheid te vereenvoudig deur min detail te gebruik en om dit aan die kyker oor te laat om die toneel te vul.
- ✓ Jou **bedoeling** moet wees om die indruk (impressie) van die toneel te gee, eerder as om die fisiese werklikheid te vertoon.
- ✓ Jou onderliggende **mikpunt** moet wees om die kamera-tegnieke (anders as die basiese instellings) onder die knie te kry. Hieronder is sake soos kamerabeweging, zoemsarsies en selektiewe fokussering.



*Wenk*

Neem by elke fotosessie 100 foto's. As jy een baie goeie kry, gee jousef dan volpunte. Jy sal nooit in jou lewe weer op so 'n manier 'n toets slaag nie.

Besondere

# RIGLYNE

## VIR IMPRESSIONISTIESE FOTO'S

Wat hierdie riglyne betref, beperk ons onself tot mensfotografie en kamera-beweging (soos by die voorbladfoto). Ons aanvaar vooraf die volgende sake:

- ✓ Omdat stabiliteit en presisie-fokussing nie van kardinale belang is nie, kan jy eksperimenteer of jy met of sonder 'n driepoot foto's wil neem. Dit word aanbeveel dat jy wel met 'n driepoot sal begin.
- ✓ Omdat jy gedurende die oopsluiter tyd nie 'n beeld op jou kameraskerm kan sien nie, moet jy in 'n sekere mate korrek korrel en hoop vir die beste; wees dus bewus daarvan dat jy baie foto's sal moet neem.
- ✓ Omdat jy nie 'n te onskerp foto wil hê nie, moet jy aan die begin al redelik gefokus het.

Volg dan die volgende werkwyse:

**Tipe lens** Die keuse hang van die situasie af, maar 'n langer lens gaan beter werk aangesien jy met mense te doen het en op 'n afstand wil bly.

**Portret-/Landskapformaat** Kies die formaat volgens behoefte.

**ISO** Hou die ISO laag, en verhoog slegs as 'n laaste uitweg.

**Witbalans** Eksperimenteer om te sien wat gee die beste effek.

**Keuse van fokuspunt** Neem foto's van tonele wat 'n goeie fokuspunt kan oplewer (byvoorbeeld die drie figure regs onder op die voorbladfoto).

**Sluiterspoed** Stel die sluiterspoed eerste in (ongeveer tussen 0,8 en 1 sekonde).

**Lensopening** Gebruik die lensopening (en ISO as 'n laaste uitweg) om 'n goeie beligting te kry. Gebruik die liniaal vir die korrekte beligting.

**Fyn fokussing** Nie ter sprake nie, maar pasop vir 'n foto wat te onskerp is.

**Tegniek** Beweeg die kamera gedurende die oopsluiter tyd stadig op of af. Oefen voor die tyd. Begin met 'n driepoot. As jy sonder 'n driepoot foto's neem, stut dan die kamera teen jou voorkop.

Ek was bevoorreg om 'n paar jaar gelede twee aanlynkursusse oor impressionistiese fotografie by Eva Polak te doen. Besoek beslis haar webblad en vergewis jou van haar werke. Verwysing: <https://evapolak.com/home.html>

*April: Maanopkoms oor ysvelde*




*Mei: Windverwaa*

## HOE HET COVID-19 JOU FOTOGRAFIE BEÏNVLOED?

Hierdie opskrif is net 'n retoriese vraag en jy hoef dit nie te beantwoord nie. Wat ons wel hiermee vra is dat jy vir ons laat weet hoe jy jouself gedurende die afgelope maande fotografies besig gehou het. Stuur vir ons asseblief van jou inperkfoto's. Maar moenie bloot net 'n bondel foto's stuur nie. Koppel dit aan die ses maande van April tot September. Kies vir elke maand jou beste foto, saam met 'n beskrywende titel.

Ek neem die vrymoedigheid om met my foto's die idee te wys (en tipies soos al ons studente kon ek ook nie besluit watter nie). Sien ook volgende bladsy.

*Towerlantern Fotografie*  
- oktober 2020 -



*Junie: Voëls in vlug*



*Julie: Tolbos*



*Augustus: Stekelmannetje*



*September: Rooi kwashale*

# Planne vorentoe ...

Een gevolg van die pandemie – en dit besef ons almal – is dat ons elkeen vir die nabye toekomst nuut moet beplan. En dit geld Towerlantern Fotografie net so. Die een groot saak – en dit besef sekerlik almal van ons ook – is dat ons kan beplan, maar dat die Here dit beskik. Hierdie jaar het ons dit baie prakties beleef.

By terugskoue is ons dankbaar vir wat vanuit Towerlantern se kant gedoen kon word: die foto-uitstalling, die aanlynklasse en die plaaslike klasse wat ook na aanlyn moes oorskakel. Dankie aan almal wat hierby betrokke was (en nog is).

By vooruitskoue (en met DV daarby) dink ons aan die volgende sake:

- ✓ **Plaaslike klasse** Ons wil steeds voortgaan met ons plaaslike klasse, maar ons sal eers volgende jaar weer daarmee begin.
- ✓ **Praktiese sessies** Vir die plaaslike klasse van hierdie jaar – en vir enige ander belangstellende – wil ons van die tweede helfte van Oktober af laatmiddag praktiese uitstappies reël. Dit sal nie binneshuis by my huis wees nie, maar wel in die buitelig en buitelig. Inligting sal nader aan die tyd gegee word.
- ✓ **Aanlynklasse** Alle aanlynklasse gaan soos gewoon voort.

Doen gerus navraag oor enigiets rondom hierdie sake.

Ek is Fransa,  
die gesig agter  
Colourcode Designs.  
Towerlantern Fotografie  
se nuusbriewe,  
aanlynkursusse en die  
webblad kom maak eers  
'n draai op my rekenaar  
voor ons dit uitstuur na  
jou toe.

Colourcode Designs  
doen verskeie ander  
ontwerpe, van illustrasies  
en waterverf ...



... tot korporatiewe  
ontwerpe soos  
advertensies, baniere,  
logo's en briefhoofde.



Ek help jou graag om jou  
besigheid of idee tussen  
die ander te laat uitstaan.

Kontak my gerus vir 'n kwotasie wat by jou begroting inpas:  
[fransa@colourcode.co.za](mailto:fransa@colourcode.co.za) 076 391 7578 [www.colourcode.co.za](http://www.colourcode.co.za)  
<https://www.facebook.com/colourcodedesigns/>

# AANLYNKURSUSSE

Vir almal, ook nuwe lesers, se inligting gee ons hier 'n opsomming van ons aanlynkursusse.

Ons bied vier verskillende aanlynklasse in Afrikaans aan:

- 'n **Eerstevlakkursus** waarin ons by die heel begin begin. Dié kursus behels sake soos komposisie, lig en kamera-instellings. As jy wonder waar jy moet begin, dan is dit hier. Die kursus kan enige tyd begin – selfs in die middel van Desember, as jy wonder wat om dan met jouself te doen.

Aantal lesings: 6; prys: R1300.

- 'n **Gevorderdevlakkursus** waarin ons die basiese onderwerpe van die eerstevlak verder voer. Aandag word aan verskeie genres gegee en die lyn word verder deurgetrek na impressionistiese fotografie. Ook hierdie kursus kan enige tyd begin.

Aantal lesings: 8; prys: R1300.

- 'n **Spesialiskursus** waarin op enkele onderwerpe (3 tot 4 per kursus) gekonsentreer word. Hierdie kursus word samelopend met die plaaslike kursus aangebied. Die volgende geleentheid is vroeg volgende jaar.

Aantal lesings: 8; prys: R1300.

- 'n **Selfoonkamerakursus** waarin die basiese elemente van fotografie bespreek word en dan met toepassing op jou selfoon. In hierdie kursus sal jy meer leer hoe om besondere foto's te neem tot hoe om fotoverwerking op jou selfoon te doen.

Aantal lesings: 4; prys: R500.

## Jaarlikse foto-uitstalling

Towerlantern Fotografie gee elke jaar sy fotografe geleentheid om van hul foto's uit te stal. Tot verlede jaar was dit 'n fisiese uitstalling van 3 dæ – en dan is alles in 'n sekere sin verby.

Hierdie jaar, met die pandemie om ons, moes ons ander reëlins tref. En so het 'n nuwe werkwyse tot stand gekom, wat ons ook in die toekoms sal wil voortsit. Ons het naamlik met 'n aanlynuitstalling begin.

Dit hou baie voordele in: Die uitstalling kan gedeel word, ook met familie en vriende ver in die wêreld. Die foto's kan oor en oor besigtig word want dit is "permanent" op YouTube beskikbaar.

Die foto-uitstalling het vroeg in September begin. Gaan kyk gerus. Die YouTube-skakel is die volgende:

<https://youtu.be/mfCJWGmFlpA>



En volg ons ook by

<https://www.facebook.com/towerlantern>



## OP INTERNET GESIEN

'n Fotograaf sien foto's raak terwyl hy/sy besig is met die alledaagse dinge. Vroeër jare het jy amper nooit 'n kamera heeltyd by jou gehad nie, maar deesdae is jou selfoon (met kamera) heeltyd by jou.

Dina Alfasi bly in die noorde van Israel en gebruik daagliks openbare vervoer werk toe. Sy neem haar medepassasiers af met haar iPhone. Kyk gerus by die adres hierby na nog foto's. Dis ongelooflik hoe sy elke persoon se karakter of emosie vasvang.

Onthou dat jou selfoonkamera (nes enige ander kamera) ook onder die knie gekry moet word. Daar is tegnieke, en dit kos ook baie oefen. Kyk na die inligting hierby in verband met ons selfoonkamerakursus en kontak ons.

Skakel: <https://www.boredpanda.com/woman-uses-iphone-photograph-strangers-commute-dinalf/>

## Selfoonkamerakursus

Moderne selfoonkamas is van hoogstaande gehalte en kan baie goeie foto's neem; en kan ook baie mense afskrik as dit kom by besondere foto's.

Kom leer dus meer oor die fyner punte van fotografie deur vir Towerlantern se aanlyn-selfoonkamerakursus in te skryf – en neem ook besondere foto's soos Dina Alfasi (artikel bo).

Doen navraag by ons by [johan@towerlantern.co.za](mailto:johan@towerlantern.co.za). Die kursus kos slegs R500 en strek oor 4 verskillende sessies. Omdat die kursus aanlyn is, kan jy dit op enige tyd begin doen en vanaf enige plek in die wêreld. Die kursus is tans net in Afrikaans beskikbaar; ons beplan wel om dit ook later in Engels beskikbaar te stel.



*Laat die lente jou inspireer...*

*Towerlantern Fotografie*  
- oktober 2020 -

Towerlantern Fotografie bied met vreugde 'n mini-uitstalling aan van ons Spesialiskursus se impressionistiese werke. Dié genre is een van die 4 wat hulle hierdie jaar beoefen het. Al is dit nie jou smaak nie, stap deur hierdie galery en geniet dit.



**GALLERY**

Chris van der Walt: *Brandberg*



**GALLERY**

Fanie Coetzee: *Windop*



# GALLERY

Hester van der Linde: *Strepieskode in die natuur*



**GALERY**

Joanie Schoonen: *Verdwaal in die bos*



**GALLERY**

Josef Steyn: *Volspøed huistøe*



# GALLERY

Juliana Theron: *Woud*



**GALERY**

Lallie Campher: *Kragtige omdolwer*



**GALLERY**

Louise Marx: *Antwortel*



**GALERY**

Louvaine Bezuidenhout: *Hardlopende stokmanne*



**GALLERY**

Lydia le Roux: *Toorbos*



**GALLERY**

Maryke Schoonen: *Winter*